4.1 Hy moet sy gedrag in verband met argitekswerk buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika skik ooreenkomstig die reëls uiteengesit in Hoofstuk 5 van die reëls vir sover hulle nie teenstrydig is met die wette van die betrokke land nie: Met dien verstande dat waar daar in 'n land buite die Republiek offisiële erkende standaarde van professionele gedrag bestaan, hy sodanige standaarde moet eerbiedig;

4.2 hy moet die pligte wat hy onderneem met getrouheid uitvoer, die belange van diegene wat hom 'n opdrag gee en dié van die algemene publiek behoorlik in aanmerking neem en onpartydig en met regverdigheid optree in alle gevalle waar hy tussen partye optree.

HOOFSTUK 5

Onbehoorlike gedrag ingevolge artikel 27 (1) (c) van die Wet

5. Afgesien van die gedrag in artikel 23 (1) van die Wet en artikel 8 van die Wet op Deeltitels, No. 95 van 1986, uiteengesit, is dit onbehoorlike gedrag vir 'n argitek of argitek-in-opleiding, na gelang van die geval om te versuim om te voldoen aan die volgende reëls:

5.1 Hy moet aan enige voornemende klient enige besigheidsbelang verklaar, insluitende enige belang in die besigheid van handel in grond of geboue of in die besigheid van eiendomsontwikkelaars, eiendomsafslaers, eiendomsagente of bou-aannemers of ondernemers of van verskaffers in of aan die bounywerheid waarvan die bestaan van sodanige belang, indien nie aldus verklaar nie, twyfel oor sy integriteit as onafhanklike argitek sal of kan veroorsaak;

5.2 hy moet verseker dat wanneer hy ook al 'n diens aanbied of deelneem aan die aanbieding van 'n diens wat raadgewende dienste met aannemingsdienste kombineer daar nie voorgegee word dat die raadgewende komponent onafhanklik van die gekombineerde diens is nie;

3.5 Any entry which is proved to the satisfaction of the Council to have been made in error or through fraudulent misrepresentation or under circumstances not tenable in law shall be deleted from the register.

3.6 Whenever any entry in respect of any person has been deleted under the authority of the Council, the registrar shall, within fourteen days of such deletion, notify the person concerned, in writing, thereof at his last known address.

3.7 The register shall be kept in the office of the Council and the Registrar shall from time to time under the authority of the Council cause copies of the register to be printed and published.

CHAPTER 4

Code of professional conduct: Rules prescribed in terms of section 27 (1) (b) of the Act

4. An architect or, where applicable, an architect in training shall, in carrying on his profession, comply with the following rules:

4.1 He shall order his conduct in connection with architectural work outside the borders of the Republic of South Africa in accordance with the rules set out in Chapter 5 of these Rules in so far as they are not inconsistent with the law of the country concerned: Provided that where there are officially recognised standards of professional conduct in a country outside the Republic, he shall adhere to those standards;

4.2 he shall faithfully carry out the duties which he undertakes, shall have a proper regard for the interests of both those who commission him and the general public, and shall act impartially and with fairness in all cases in which he is acting between parties.

CHAPTER 5

Improper conduct prescribed in terms of section 27 (1) (c) of the Act

5. Apart from the conduct referred to in section 23 (1) of the Act and section 8 of The Sectional Titles Act, No. 95 of 1986, it shall be improper conduct for an architect or architect in training, as the case may be, if he fails to comply with the following rules:

5.1 He shall declare to any prospective client any business interest, including any interest in the business of trading in land or business or property developers, property auctioneers, estate agents or building contractors or subcontractors or of suppliers in or to the building industry, the existence of which interest, if not so declared, would raise or may be likely to raise doubts about his integrity as an independent architect;

5.2 he shall ensure that whenever he offers or takes part in offering a service combining consulting services with contracting services, the consulting component is not represented as independent of the combined service;

5.3 hy moet nie tekeninge of spesifikasies of dokumente uitreik ten opsigte van werk wat verrig word deur hom of deur iemand in sy diens of deur 'n lid of werknemer van die maatskappy of beslote korporasie waarvan hy lid is nie, tensy sy naam of die naam van sy firma of die naam van die maatskappy of beslote korporasie waarvan hy lid is, op bedoelde stukke voorkom;

5.4 hy moet nie deur ondertekening of op 'n ander wyse van identifikasie voorgee dat enige bouplan of dokument waarvan hy of sy firma of die maatskappy of beslote korporasie waarvan hy lid is nie die *bona fide*-opsteller is nie, deur hom uitgereik is nie;

5.5 waar 'n argitek en sy kliënt nie ooreengekom het oor gelde wat in 'n spesifieke geval gevra word nie, moet hy nie professionele dienste lewer teen ander gelde as dié gegrond op die geldetarief afgekondig ingevolge artikel 7 (3) (b) van die Wet nie: Met dien verstande dat niks in hierdie reël uitgelê word as sou dit onderhandelinge of 'n ooreenkoms tussen 'n argitek en sy kliënt oor gelde wat gevra word in 'n spesifieke geval op 'n ander grondslag as dié van die afgekondigde geldetarief verbied nie;

5.6 om, waar hy onderneem om professionele dienste te verrig teen ander gelde as dié volgens die geldetarief in artikel 7 (3) (b) van die Wet bedoel, moet hy, vir inligtingsdoeleindes alleenlik, die Raad binne 60 dae vanaf die datum van sodanige onderneming skriftelik in kennis stel van enige afwyking en die redes daarvoor;

5.7 hy moet nie, sonder die toestemming van die Raad, willens en wetens prysopgawes aanbied in omstandighede wat op mededinging om professionele werk op 'n geldebasis neerkom nie;

5.8 hy moet nie regstreeks of onregstreeks vergoeding by wyse van tantième, gratifikasie, kommissie of ander besoldiging ontvang ten opsigte van 'n artikel, toebehore, installasie of proses wat in enige opsig gebruik word in verband met die werk ten opsigte waarvan hy in diens is nie, tensy hy sy werkgewer of kliënt skriftelik van sodanige tantième, gratifikasie, kommissie of ander besoldiging verwittig het;

5.9 hy moet nie professionele dienste adverteer op 'n wyse wat sy eie werk prys of op 'n wyse wat nie waar en feitlik is nie;

5.10 hy moet die raad binne 30 dae in kennis stel van die stigting of ontbinding van enige alleenpraktyk of van enige vennootskap of assosiasie waarvan hy 'n lid is in sy hoedanigheid as argitek;

5.11 hy moet die raad in kennis stel binne 30 dae vanaf die datum waarop hy 'n lid word of op te hou om 'n lid te wees in sy hoedanigheid as argitek, van enige maatskappy of beslote korporasie;

5.12 hy moet die raad binne 30 dae in kennis stel van die opening of sluiting van enige kantoor wat gestig is met die doel om aldaar die werk van 'n argitek in privaat professionele praktyk te beoefen;

5.13 hy moet nie sonder die voorafverkreë goedkeuring van die Raad in sy hoedanigheid van argitek 'n vennootskap of ander assosiasie aangaan nie—

5.13.1 met enige persoon wat gediskwalifiseer is van registrasie as argitek ingevolge enige bepaling van die Wet; of

5.3 he shall not issue any drawings or specifications or documents in respect of work performed by himself or by some person in his employ or by a member of employee of the company or close corporation of which he is a member, unless the same bear his name or the name of his firm or the name of such company or close corporation of which he is a member;

5.4 he shall not sign or otherwise identify as have been issued by him any building plan or document of which he or his firm or the company or close corporation of which he is a member is not the *bona fide* author;

5.5 where an architect and his client have not agreed on fees chargeable in a specific case, he shall not undertake professional services for fees otherwise than on the basis of the tariff of fees published in terms of section 7 (3) (b) of the Act: Provided that nothing in this regulation shall be construed as prohibiting negotiations or an agreement between an architect and his client on fees chargeable in a specific case on some basis other than the published tariff;

5.6 where he undertakes to perform professional services for fees not calculated in accordance with the tariff of fees referred to in section 7 (3) (b) of the Act, he shall notify the Council in writing, for the purpose of information only, of any deviation and the reasons therefor, within 60 days from the date of such undertaking;

5.7 he shall not, without the consent of the Council, knowingly to submit price proposals under circumstances that constitute competition for professional work based on fees;

5.8 he shall not directly or indirectly receive any royalty, gratuity, commission or other remuneration on any article, fitting, installation or process used in or for the purpose of the work in respect of which he is employed, unless he has notified his employer or client, in writing, of such royalty, gratuity, commission or other remuneration;

5.9 he shall not advertise his professional services in a manner which praises his own work or in a manner which is not true and factual;

5.10 he shall notify the council within 30 days of the establishment or dissolution of any sole practice or of any partnership or association of which he is a member in his capacity as an architect;

5.11 he shall notify the council within 30 days of the date of his becoming or ceasing to be a member in his capacity as an architect, of any company or close corporation;

5.12 he shall notify the council within 30 days of the opening or closure of any office established for the purpose of carrying on the work of an architect in private professional practice;

5.13 except with the prior approval of the Council, he shall not enter in his capacity as an architect into partnership or other association with—

5.13.1 any person who is disqualified from registration as an architect in terms of provision of the Act; or

5.13.2 met lede van nou verwante professies of enige ander persone wat van registrasie by of lidmaatskap van hulle onderskeie professionele instellings gediskwalifiseer is; of

5.13.3 met enige persoon wat gekwalifiseerd is om as argitek te registreer maar versuim het om dit te doen;

5.14 hy moet nie sy firma beskryf as sou dit alleenlik as argitekte praktiseer nie, tensy effektiewe beheer beide ten opsigte van aandelebesit of ledebelang en van stemreg, in die hande van geregistreerde argitekprinsipale is;

5.15 hy moet nie in sy hoedanigheid van argitek as 'n multidissiplinêre firma of maatskappy of beslote korporasie praktiseer nie, tensy effektiewe beheer, beide ten opsigte van aandelebesit of ledebelang en van stemreg, in die hande van 'n gewone meerderheid van geregistreerde argiteksprinsipale en lede van nou verwante professies is;

5.16 hy moet nie in sy hoedanigheid van argitek 'n aandeelhouer of lid word van 'n firma of maatskappy of beslote korporasie wat bestaan uit ander persone as argitekte of lede van nou verwante professies nie: Met dien verstande dat hy 'n aandeelhouer of lid van sodanige firma of maatskappy of beslote korporasie mag word op voorwaarde dat sodanige firma of maatskappy of beslote korporasie homself nie as argitekte beskryf nie;

5.17 hy moet hom binne twee maande nadat hy skriftelik deur die Raad daartoe gelas is, enige vennootskap of ander verbintenis waarvan hy in sy hoedanigheid van argitek lid is, ontbind of ophou om lid te wees van 'n maatskappy of beslote korporasie waarvan hy lid is: Met dien verstande dat die Raad sodanige opdrag uitreik slegs indien hy, na deeglike oorweging en behoorlike ondersoek, daarvan oortuig is dat een of meer van die lede van die betrokke vennootskap of verbintenis of maatskappy of beslote korporasie, wat nie ingevolge artikel 19 van die Wet geregistreer is nie, skuldig was aan handelinge wat, indien hulle aldus geregistreer was, 'n oortreding van enige voorskrif van hierdie reëls sou uitmaak;

5.18 hy moet op alle briefhoofde van sy praktyk of van die firma of maatskappy waarvan hy lid is, die naam of name verstrek van die prinsipaal of prinsipale en al die vennote of direkteure daarvan wat geregistreerde argitekte of lede van nou verwante professies is en daarop, afsonderlik, die name verstrek van die prinsipale vennote of direkteure wat nie geregistreerde argitekte of lede van nou verwante professies is nie en moet die dienste wat deur die firma of maatskappy gelewer word op 'n saaklike manier beskryf wat net betrekking het op die professionele werk van die professionele dissiplines verteenwoordig op die vlak van prinsipaal, vennoot of direkteur in die firma of maatskappy;

5.19 hy moet op alle briefhoofde van die beslote korporasie waarvan hy lid is, die naam of name verstrek van die lede van genoemde korporasie wat geregistreerde argitekte of lede van nou verwante professies is en daarop, afsonderlik, die name verstrek van die lede wat nie geregistreerde argitekte of lede van nou verwante professies is nie en moet die dienste wat deur die beslote korporasies gelewer word op 'n saaklike manier beskryf wat net betrekking het op die professionele dissiplines verteenwoordig in die beslote korporasie;

5.13.2 members of closely allied professions, or any other persons, who are disqualified from registration with or membership of their respective professional institutions; or

5.13.3 any person who is qualified to register as an architect but has not done so;

5.14 he shall not describe his firm as practising solely as architects, unless effective control, both in terms of shareholding or members' interest and of voting power, is in the hands of registered architect principals;

5.15 he shall not practice as a multi-disciplinary firm or company or close corporation in his capacity as an architect unless effective control, both in terms of shareholding or members' interests and of voting power, is in the hands of a simple majority of registered principals and members of other closely allied professions;

5.16 he shall not become, in his capacity as an architect, a shareholder in or a member of a firm or company or close corporation consisting of persons other than architects or members of closely allied professions: Provided that he may become a shareholder in or a member of such firm or company or close corporation on condition that such firm or company or close corporation does not describe itself as architects;

5.17 he shall, within two months after having been instructed in writing by the Council to do so, dissolve any partnership or other association of which he is a member in his capacity as an architect and cease to be a member of a company or of a close corporation of which he is a member: Provided that the Council shall issue such an instruction only if it is satisfied, after due and proper inquiry, that one or more of the members of the partnership or association or company or close corporation concerned, who are not registered in terms of section 19 of the Act, have been quilty of acts which, had they been so registered, would have constituted a breach of any provision of these rules;

5.18 he shall display on all letterheads of this practice or of the firm or the company of which he is a member, the name or names of the principals and all the partners or directors thereof who are registered architects or members of closely allied professions and shall list separately thereon the names of the principals, partners or directors who are not registered architects or members of closely allied professions and shall describe the services rendered by the firm or company in a factual manner that is related only to the professional work of the professional disciplines represented at principal, partner or director level in the firm or company;

5.19 he shall display on all letterheads of the close corporation of which he is a member the name or names of the members thereof who are registered architects or members of closely allied professions and shall list separately thereon the names of the members who are not registered architects or members of closely allied professions and shall describe the services rendered by the close corporation in a factual manner that is related only to the professional work of the professional disciplines represented in the close corporation;

5.20 hy kan slegs met die goedkeuring van die Raad 'n onpersoonlike naam vir die titel en naam van sy firma of van sy firma in genootskap met 'n ander firma of van die maatskappy of beslote korporasie waarvan hy lid is gebruik: Met dien verstande dat sodanige titel en firmanaam die naam van 'n persoon van wie hy die *bona fide*-opvolger in titel is, kan insluit;

5.21 hy moet nie 'n kantoor aanhou met die doel om aldaar die werk van 'n argitek met 'n private praktyk te beoefen nie, tensy sodanige kantoor onder die voltydse, regstreekse en persoonlike toesig van 'n geregistreerde argitek is: Met dien verstande dat die Raad toestemming kan verleen dat toesighouding van sodanige kantoor op 'n afwisselende basis geskied vir sodanige tydperk as wat die Raad na goeddunke bepaal en waartydens 'n geregistreerde argitek in sodanige kantoor vir minstens een volle dag per week gedurende normale kantoorure teenwoordig is: Met dien verstande voorts dat die tye wanneer die argitek ter beskikking is, prominent buite die kantoor vertoon moet word;

5.22 hy moet die Raad binne 30 dae van enige verandering van besigheidsadres in kennis stel;

5.23 hy moet nie optree met herhaalde of verregaande nalatigheid by die lewering van sy professionele dienste nie.

HOOFSTUK 6

Ondersoek na die gedrag van 'n argitek of argitek-in-opleiding

6.1 Vir die doeleindes van 'n ondersoek na 'n geval van onbehoorlike gedrag ingevolge artikel 24 (1) van die Wet, kan die Raad eis dat 'n persoon wat die aantyging van onbehoorlike gedrag maak, verdere besonderhede van die saak waaroor hy kla, moet voorlê, en kan die Raad eis dat die klagte of 'n deel daarvan deur 'n beëdigde verklaring gestaaf word.

6.2 Indien die Raad dit nodig ag om die klagte verder te oorweeg, moet die Raad aan die persoon teen wie die klagte van onbehoorlike gedrag ingedien is, 'n uiteensetting van die klagte voorsien en moet hy versoek word om binne 14 dae daarna of sodanige langer tydperk as wat die Raad na goeddunke kan toelaat, 'n antwoord daarop te verstrek. Die Raad kan vereis dat die antwoord deur 'n beëdigde verklaring gestaaf word.

6.3 Indien die Raad ná oorweging van die aangeleentheid of aangeleenthede waaroor gekla word, dit nodig ag om ondersoek in te stel na die gedrag van die argitek of argitek-in-opleiding waaroor gekla word, moet die persoon binne 'n redelike tyd na sodanige beweerde onbehoorlike gedrag aangekla word.

6.4 Die Raad moet die datum en tyd van die ondersoek bepaal en moet die persoon wat aangekla word, minstens 14 dae kennis van sodanige ondersoek gee.

6.5 Die Raad, nadat hy ondersoek ingestel het na die beweerde onbehoorlike gedrag van 'n argitek of 'n argitek-in-opleiding—

(a) hoef geen verdere stappe te doen nie;

(b) kan, indien hy 'n skuldigbevinding uitgebring het, 'n straf oplê waarvoor in Hoofstuk 7 van hierdie reëls voorsiening gemaak word, en sodanige bevel uitgevaardig insake die redelike koste aangegaan in verband met die ondersoek, as wat hy goed ag.

5.20 he may use an impersonal name or names for the title and style of his firm or of his firms in association with another firm or of the company or close corporation of which he is a member, only with the approval of the Council: Provided that such title style or name may include the name of a person to whom he is the *bona fide* successor in title;

5.21 he shall not maintain any office for the purpose of carrying on the work of an architect in private practice, unless such office is under the continuous, direct and personal supervision of a registered architect: Provided that the Council may give permission for such office to be supervised on an intermittent basis for such period of time as the Council may, in its discretion, determine during which time a registered architect shall be present in such office for at least one full day per week during normal office hours: Provided further that the times when the architect is in attendance, shall be prominently displayed outside the office;

5.22 he shall notify the Council within 30 days of any change of business address;

5.23 he shall not act with repeated or gross negligence in the performance of his professional services.

CHAPTER 6

Enquiry into the conduct of an architect or architect in training

6.1 For the purpose of enquire into a case of improper conduct in terms of section 24 (1) of the Act, the Council may require any person making an allegation of improper conduct to file further particulars of any matter complained of and may require the complaint or any part thereof to be verified by affidavit.

6.2 If the Council deems it necessary to give further consideration to the complaint, it shall furnish the person against whom the allegation of improper conduct has been made with a statement of the complaint and call upon him to reply thereto within 14 days or such longer time as the Council may in its discretion allow. The Council may require that the reply be verified by affidavit.

6.3 If, after consideration of the matter or matters complained of, the Council deems it necessary to institute an enquiry into the conduct of the architect or architect in training complained of, he shall be charged within a reasonable time with the alleged improper conduct.

6.4 The Council shall set down the date and time for the enquiry and shall give the person charge at least 14 days notice thereof.

6.5 The Council, after having enquired into the alleged improper conduct of an architect or architect in training, may—

(a) take no further action, or

(b) if it has found the person complained against guilty, impose a punishment provided for in terms of Chapter 7 of these rules and make such order as to the reasonable costs incurred in connection with the equiry as it may deem fit.

6.6 Die bevinding van die Raad kan, na goeddunke, òf ten volle òf ten dele bekendgemaak word.

HOOFSTUK 7

Strawwe wat ten opsigte van onbehoorlike gedrag en oortredings opgelê kan word

7.1 Iemand wat as 'n argitek of 'n argitek-in-opleiding geregistreer is en na 'n ondersoek deur die Raad soos in artikel 24 van die Wet bepaal, skuldig bevind is aan onbehoorlike gedrag, is behoudens die bepalings van die Wet, strafbaar met een of meer van die volgende strawwe:

7.1.1 'n berisping of 'n waarskuwing of 'n berisping en 'n waarskuwing;

7.1.2 'n boete van hoogstens R2 000;

7.1.3 skrapping van die register;

7.1.4 onbevoegdverklaring vir registrasie, of skorsing in praktyk vir 'n tydperk wat die Raad vasstel;

7.1.5 permanente onbevoegdverklaring vir registrasie.

HOOFSTUK 8

Herroeping van vorige regulasies

8.1 Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 209 van 4 Februarie 1983 en R. 2588 van 12 Desember 1986, word hierby herroep.

(11 Desember 1987)

RAADSKENNISGEWING 77 VAN 1987

DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR ARGITEKTE

VEREISTES WAARAAN 'N VERENIGING VAN ARGITEKTE MOET VOLDOEN OM KRAGTENS ARTIKEL 7 (1) (j) (i) VAN DIE WET OP ARGITEKTE, 1970 (WET 35 VAN 1970), VIR ERKENNING AS 'N ARGITEKSINSTITUUT TE KWALIFISEER

Kennisgewing geskied hierby dat die Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte, kragtens artikel 7 (1) (j) (i) van die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970), die vereistes in die Bylae hiervan vervat, voorgeskryf het waaraan 'n vereniging van argitekte moet voldoen om kragtens genoemde Wet vir erkenning as 'n argiteksinstituut te kwalifiseer.

BYLAE

1. In hierdie Bylae, tensy strydig met die samehang, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970), 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis en beteken—

"die Wet" die wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970);

"Raad" die Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte;

"vereniging"; vereniging van argitekte.

2. Geen vereniging word kragtens artikel 7 (1) (j) (ii) van die Wet nie, tensy hy aan al die hierin voorgeskrewe vereistes voldoen.

3.1 Indien die hierin voorgeskrewe vereistes gewysig of aangevul word, moet 'n argiteksinstituut binne een jaar na die datum waarop sodanige gewysig of aanvullende vereistes in werking tree, die nodige stappe doen om aan sodanige gewysigde of aanvullende vereistes te voldoen.

3.2 Die Raad kan, op aanvraag deur 'n argiteksinstituut, na goeddunke die tydperk in paragraaf 3.1 gemeld met hoogstens 12 maande verleng.

3.3 Indien 'n argiteksinstituut versuim of weier om binne die voorgeskrewe tydperk te voldoen aan enige van die gewysigde of aanvullende vereistes in paragraaf 3.1 of 3.2 gemeld, word sy erkenning as 'n vereniging van argitekte geag te verval het.

6.6 The finding of the Council may be made public in part or in full at the discretion of the Council.

CHAPTER 7

Punishments which may be imposed in respect of improper conduct and offences

7.1 Any person registerd as an architect or as an architect in training who, after an enquiry by the Council as provided in section 24 of the Act, has been found guilty of improper conduct shall, subject to the provisions of the Act, be liable to one or more of the following punishments:

7.1.1 Reprimand or caution or reprimand and caution;

7.1.2 a fine not exceeding R2 000;

7.1.3 removal from the register

7.1.4 disqualification from registration or suspension from practice for such period as the Council may determine;

7.1.5 permanent disqualification from registration.

CHAPTER 8

Repeal of previous regulations.

8.1 The regulations published under Government Notices R. 209 of 4 February 1983 and R. 2588 of 12 December 1986, are hereby repealed.

(11 December 1987)

BOARD NOTICE 77 OF 1987

THE SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR ARCHITECTS

REQUIREMENTS WITH WHICH AN ASSOCIATION OF ARCHITECTS SHALL COMPLY IN ORDER TO QUALIFY FOR RECOGNITION AS AN ARCHITECTS' INSTITUTE IN TERMS OF SECTION 7 (1) (j) (i) OF THE ARCHITECTS' ACT, 1970 (ACT 35 OF 1970)

Notice is hereby given that the South African Council for Architects has, in terms of section 7 (1) (j) (i) of the Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970), prescribed the requirements, set out in the Schedule hereto, with which an association of architects shall comply in order to qualify for recognition as an architects' institute in terms of the said Act.

SCHEDULE

1. In this Schedule, unless contrary to the context, an expression or a word to which a meaning has been assigned in the Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970), shall bear the same meaning and—

"association" means an association of architects;

"Council" means the South African Council for Architects;

"the Act" means the Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970).

2. An association shall not be recognised in terms of section 7 (1) (j) (ii) of the Act unless it complies with all the requirements prescribed herein.

3.1 Whenever the requirements prescribed herein are amended or supplemented, an architects' institute shall, within one year, from the date on which such amended or supplementary requirements come into operation, take the necessary steps to comply with such amended or supplementary requirements.

3.2 On the application of an architects' institute the Council may, in its discretion, extend the period referred to in paragraph 3.1 by a period not exceeding 12 months.

3.3 If an architects' institute fails or refuses to comply with any of the amended or supplementary requirements referred to in paragraph 3.1 or 3.2 within the prescribed period, its recognition as an association of architects shall be deemed to have lapsed.

4.1 'n Vereniging moet Suid-Afrikaans van oorsprong wees en kragtens sy grondwet moet hy die belange van en die studie en wetenskap van argitektuur bevorder.

4.2 Minstens twee derdes van die lede van die bestuursliggaam van 'n vereniging moet gewoonlik woonagtig in die Republiek wees.

4.3 Geen vereniging van argitekte of van argitekte en argitekte-in-opleiding word kragtens artikel 7 (1) (j) van die Wet as 'n argiteksinstituut erken nie tensy die getal van sy argitekslede, op die datum van sy aansoek om erkenning kragtens daardie artikel, bestaan uit minstens twee-derdes van die totale getal argitekte wat ingevolge 'n bepaling van artikel 19 geregistreer is.

4.4 Erkenning kragtens artikel 7 (1) (j) van die Wet van 'n vereniging van argitekte of van argitekte en argitekte-in-opleiding as 'n argiteksinstituut verval indien te eniger tyd na sodanige erkenning die getal van sy argitekslede vir 'n ononderbroke tydperk van twaalf maande bestaan het uit minder as helfte van die totale getal argitekte wat by die aanvang van gemelde tydperk ingevolge 'n bepaling van artikel 19 geregistreer was.

4.5 Die feit dat die erkenning van 'n vereniging van argitekte of van argitekte en argitekte-in-opleiding as 'n argiteksinstituut ingevolge hierdie reëls verval het, belet die Raad nie om 'n latere aansoek deur sodanige vereniging om erkenning as 'n argiteksinstituut kragtens artikel 7 (1) (j) van die Wet toe te staan nie.

4.6 Elke argiteksinstituut moet binne drie maande nadat hy sodanig kragtens artikel 7 (1) (j) van die Wet erken is, sy konstitusie aan die Raad voorlê.

4.7 Die grondwet of verordeninge of sowel die grondwet as die verordeninge van 'n vereniging moet voorsiening maak dat indien 'n applikant om lidmaatskap nie aan die vereistes vir registrasie as 'n argitek of 'n argitek-in-opleiding ingevolge die Wet voldoen nie, hy in besit moet wees van 'n kwalifikasie wat vir die Raad aanneemlik is en 'n beroep beoefen wat verwant is aan of bydra tot die doeltreffende beoefening van argitektuur.

5.1 'n Argiteksinstituut moet jaarliks, voor of op 31 Maart, volle besonderhede van enige wysigings wat gedurende die voorafgaande 12 maande aan sy grondwet of verordeninge aangebring is, skriftelik aan die Registrateur verstrek.

5.2 Indien die Raad van oordeel is dat 'n argiteksinstituut sy grondwet of verordeninge gewysig het in enige opsig wat strydig is met enige van die hierin voorgeskrewe vereistes, kan die Raad gelas dat die ongerymdheid reggestel word en dat die erkenning van sodanige instituut vanaf 'n lopende datum ingetrek word indien die instituut versuim om dit te doen.

6. Goewermentskennisgewing R. 315 van 5 Maart 1971 word hierby teruggetrek.

(11 Desember 1987)

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 2762 **11 Desember 1987**

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK, 1944

BEPALING VAN STATUTÊRE GOUDPRYS

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Finansies kragtens artikel 17 (a) (1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944 (Wet 29 van 1944), alle goud van die Suid-Afrikaanse Reserwebank met ingang van 30 November 1987 teen R840,54 per ons suiwer goud gewaardeer het.

4.1 An association shall be of South African origin and in terms of its constitution shall further the interests and promote the study and science of architecture.

4.2 At least two-thirds of the members of the governing body of an association shall be ordinarily resident in the Republic.

4.3 No association of architects or of architects and architects in training shall be recognised as an architect's institute under section 7 (1) (j) of the Act unless the number of its members who are architects consists, on the date of its application or recognition under that section, of at least two-thirds of the total number of architects registered in terms of any provision of section 19.

4.4 Recognition of an association of architects or of architects and architects in training as an architects' institute under section 7 (1) (j) of the Act shall lapse if at any time after such recognition the number of its members who are architects shall for a continuous period of twelve months have consisted of less than half of the total number of architects registered in terms of any provision of section 19, as at the commencement of the said period.

4.5 The fact that the recognition of an association of architects or of architects in training as an architects' institute has lapsed in terms of these rules, shall not preclude the Council from granting, under section 7 (1) (j) of the Act, any subsequent application for recognition by such association as an architects' institute.

4.6 Every architects' institute shall within three months after it has been recognised as such under section 7 (1) (j) of the Act, present its constitution to the Council.

4.7 The constitution or by-laws or both the constitution and the by-laws of an association shall provide that if an applicant for membership does not comply with the requirements for registration as an architect or architect in training in terms of the Act, he shall be in possession of a qualification acceptable to the Council and he shall carry on a profession related to or contributing towards the efficient practice of architecture.

5.1 An architects' institute shall annually, not later than 31 March, submit to the Registrar, in writing, full particulars of any amendment effected to its constitution or by-laws during the preceeding 12 months.

5.2 If the Council, is of the opinion that an architects' institute has amended its constitution or by-laws in any respect which is contrary to any of the requirements prescribed herein, the Council shall order that such discrepancy be rectified, failing which, the recognition of such institute may be terminated with effect from a current date.

6. Government Notice R. 315 of 5 March 1971 is hereby withdrawn.

(11 December 1987)

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 2762 **11 December 1987**

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK ACT, 1944

DETERMINATION OF STATUTORY PRICE OF GOLD

It is hereby notified that, in terms of section 17 (a) (1) of the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act 29 of 1944), the Minister of Finance has valued, as from 30 November 1987 all gold of the South African Reserve Bank at R840,54 per fine ounce of gold.

VOORWAARDES VIR DIE PUBLIKASIE VAN WETLIKE KENNISGEWINGS
CONDITIONS FOR THE PUBLICATION OF LEGAL NOTICES

Sluitingstye vir die aanname van kennisgewings

1. Die *Staatskoerant* word weekliks op Vrydag gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Vrydag in die *Staatskoerant* moet verskyn, is 15h00 op die voorafgaande Vrydag. Indien enige Vrydag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Staatskoerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* bepaal.

2. (1) Wanneer 'n aparte *Staatskoerant* verlang word moet dit drie kalenderweke voor publikasie ingedien word.

(2) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing en die eersvolgende *Staatskoerant*.

(3) Wysiging van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang is **voor 15h30 op Maandae.**

(4) Kopie van kennisgewings vir publikasie of wysigings van oorspronklike kopie kan nie oor die telefoon aanvaar word nie en moet per brief, per telegram of per hand bewerkstellig word.

(5) In geval van kansellasie sal die terugbetaling van die koste van 'n kennisgewing oorweeg word slegs as die opdrag om te kanselleer op of voor die vasgestelde sluitingstyd soos in paragraaf 1 hierbo aangedui, ontvang is.

Goedkeuring van kennisgewings

3. Kennisgewings, behalwe wetlike kennisgewings, is onderworpe aan die goedkeuring van die Staatsdrukker wat kan weier om enige kennisgewing aan te neem of verder te publiseer.

Vrywaring van die Staatsdrukker teen aanspreeklikheid

4. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir—

(1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;

(2) die foutiewe klassifikasie van 'n kennisgewing of die plasing daarvan onder 'n ander afdeling of opskrif as die afdeling of opskrif wat deur die adverteerder aangedui is;

(3) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

Aanspreeklikheid van adverteerder

5. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

Kopie

6. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier getik wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

7. Bo aan die kopie, en weg van die kennisgewing, moet die volgende aangedui word:

(1) Die aard van die kennisgewing;

Let Wel.—Voornemende adverteerders word hierby dringend versoek om ***duidelik aan te dui*** onder watter hofie hul advertensies of kennisgewings geplaas moet word om te verhoed dat genoemde advertensies/kennisgewings verkeerd geplaas word.

(2) die opskrif waaronder die kennisgewing geplaas moet word;

(3) die tarief (bv. "Vaste tarief", of "Woordetal-tarief") wat op die kennisgewing van toepassing is, en die koste verbonde aan die plasing daarvan.

8. Alle eiename en familiename moet duidelik leesbaar wees en familiename moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.

Betaling van koste

9. Geen kennisgewing word vir publikasie aanvaar nie tensy die koste van die plasing(s) daarvan vooruit betaal is deur middel van ongekanselleerde inkomsteseëls.

Frankeermasjien-afdrukke op kopie is aanvaarbaar mits afdrukke duidelik is. Frankeermasjien-afdrukke op enige ander wyse aangebring bv. op los papier wat op kopie geplak word is nie aanvaarbaar nie.

Closing times for the acceptance of notices

1. The *Government Gazette* is published every week on Friday, and the closing time for the acceptance of notices which have to appear in the *Government Gazette* on any particular Friday, is 15h00 on the preceding Friday. Should any Friday coincide with a public holiday, the date of publication of the *Government Gazette* and the closing time of the acceptance of notices will be published in the *Government Gazette*, from time to time.

2. (1) The copy for a separate *Government Gazette* must be handed in not later than three calendar weeks before date of publication.

(2) Copy of notices received after closing time will be held over for publication in the next *Government Gazette*.

(3) Amendment or changes in copy of notices cannot be undertaken unless instructions are received **before 15h30 on Mondays.**

(4) Copy of notices for publication or amendments of original copy cannot be accepted over the telephone and must be brought about by letter, by telegram or by hand.

(5) In the case of cancellations a refund of the cost of a notice will be considered only if the instruction to cancel has been received on or before the stipulated closing time as indicated in paragraph 1 above.

Approval of notices

3. Any notices other than legal notices are subject to the approval of the Government Printer, who may refuse acceptance or further publication of any notice.

The Government Printer indemnified against liability

4. The Government Printer will assume no liability in respect of—

(1) any delay in the publication of a notice or publication of such notice on any date other than that stipulated by the advertiser;

(2) erroneous classification of a notice, or the placement of such notice in any section or under any heading other than the section or heading stipulated by the advertiser;

(3) any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

Liability of advertiser

5. Advertisers will be held liable for any compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Government Printer in consequence of the publication of any notice.

Copy

6. Copy of notices must be typed on one side of the paper only and may not constitute part of any covering letter or document.

7. At the top of any copy, and set well apart from the notice the following must be stated:

(1) The kind of notice;

Please note.—Prospective advertisers are urgently requested to ***clearly indicate*** under which headings their advertisements or notices should be inserted in order to prevent such notices/advertisements from being wrongly placed.

(2) the heading under which the notice is to appear;

(3) the rate (e.g. "Fixed tariff rate", or "Word count rate") applicable to the notice, and the cost of publication.

8. All proper names and surnames must be clearly legible, surnames being underlined or typed in capital letters. In the event of a name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the notice will be republished only upon payment of the cost of a new insertion.

Payment of cost

9. No notice will be accepted for publication unless the cost of the insertion(s) is prepaid by way of uncancelled revenue stamps.

Franking machine impressions appearing on the copy are acceptable provided that they are clear. Franking machine impressions other than the aforementioned, for example, on a separate sheet of paper pasted to the copy are not acceptable.

10. (1) Die koste van 'n kennisgewing moet deur die adverteerder bereken word in ooreenstemming met—

(a) die lys van vaste tariewe; of

(b) indien die vaste tariewe nie van toepassing is nie, die woordetal-tariewe.

(2) In gevalle van twyfel oor die koste verbonde aan die plasing van 'n kennisgewing en in die geval van kopie met meer as 1 600 woorde, moet 'n navraag, vergesel van die betrokke kopie, voor publikasie aan die Advertensie-afdeling, Staatsdrukkery, Privaatsak X85, Pretoria, 0001, gerig word.

11. Ongekanselleerde inkomsteseëls wat die juiste bedrag van die koste van 'n kennisgewing of die totaal van die koste van meerdere kennisgewings verteenwoordiges, moet op die kopie geplak word.

Die volgende seëls is nie aanvaarbaar nie:

(i) Inkomsteseëls van die ou reeks.

(ii) Inkomsteseëls van ander state.

(iii) Posseëls.

12. Oorbetalings op grond van 'n foutiewe berekening van die koste verbonde aan die plasing van 'n kennisgewing deur die adverteerder word nie terugbetaal nie tensy die adverteerder voldoende redes aantoon waarom 'n foutiewe berekening gemaak is. In die geval van onderbetalings sal die verskil van die adverteerder verhaal word en geen plasing sal geskied voordat die volle koste verbonde aan die plasing van die kennisgewing(s) deur middel van ongekanselleerde inkomsteseëls betaal is nie.

13. Die Staatsdrukker behou hom die reg voor om 'n bykomende bedrag te hef in gevalle waar kennisgewings, waarvan die koste in ooreenstemming met die lys van vaste tariewe bereken word, later uitermatig lank blyk te wees of buitensporige of ingewikkelde tabelwerk bevat.

Bewys van publikasie

14. Eksemplare van die *Staatskoerant* wat nodig mag wees ter bewys van publikasie van 'n kennisgewing kan teen 50c verkoopbelasting uitgesluit in die vorm van ongekanselleerde inkomsteseëls per eksemplaar van die Staatsdrukker bestel word. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir die versuim om sodanige *Staatskoerant(e)* te pos of vir vertraging in die versending daarvan nie.

Geklassifiseerde wetlike kennisgewings moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word; kyk die volgende bladsye. Hierdie vorms mag vryelik gereproduseer word onder 'n algemene kopieregvergunning wat die Staatsdrukker hiervoor verleen. Waar vorms getik word, moet by die uitleg, styl en in besonder die nommering gehou word. Seëls moet asseblief vasgeplak word.

10. (1) The cost of a notice must be calculated by the advertiser in accordance with—

(a) the list of fixed tariff rates; or

(b) where the fixed tariff rate does not apply, the word count rate.

(2) Where there is any doubt about the cost of publication of a notice, and in the case of copy in excess of 1 600 words, an enquiry, accompanied by the relevant copy should be addressed to the Advertising Section, Government Printing Works, Private Bag X85, Pretoria, 0001, before publication.

11. Uncancelled revenue stamps representing the correct amount of the cost of publication of a notice, or the total of the cost of publication of more than one notice, must be affixed to the copy.

The following stamps are not acceptable:

(i) Revenue stamps of the old series.

(ii) Revenue stamps of other states.

(iii) Postage stamps.

12. Overpayments resulting from miscalculation on the part of the advertiser of the cost of publication of a notice will not be refunded, unless the advertiser furnishes adequate reasons why such miscalculation occured. In the event of underpayments, the difference will be recovered from the advertiser, and the notice(s) will not be published until such time as the full cost of such publication has been duly paid in uncancelled revenue stamps.

13. The Government Printer reserves the right to levy an additional charge in cases where notices, the cost of which has been calculated in accordance with the list of fixed tariff rates, are subsequently found to be excessively lengthy or to contain overmuch or complicated tabulation.

Proof of publication

14. Copies of the *Government Gazette* which may be required as proof of publication may be ordered from the Government Printer at 50c sales tax excluded, payment to be effected by way of uncancelled revenue stamps. The Government Printer will assume no liability for any failure to post such *Goverment Gazette(s)* or for any delay in dispatching it/them.

Classified legal advertisements must be submitted on the prescribed form; vide the following pages. These forms may be freely reproduced under a general copyright authority granted for this purpose by the Government Printer. Where forms are typed, the lay-out, style and especially the numbering must be adhered to. Stamps must be affixed, please.

LYS VAN VASTE TARIEWE EN VOORWAARDES VIR DIE PUBLIKASIE VAN WETLIKE KENNISGEWINGS IN DIE *STAATSKOERANT* VANAF 1 APRIL 1987

LIST OF FIXED TARIFF RATES AND CONDITIONS FOR THE PUBLICATION OF LEGAL NOTICES IN THE *GOVERNMENT GAZETTE* FROM 1 APRIL 1987

LYS VAN VASTE TARIEWE

Gestandardiseerde kennisgewings	*Tarief per plasing*
	R
Besigheidskennisgewings	8,00
Boedelwettekennisgewings: Vorms J 297, J 295, J 193 en J 187	3,50
Derdeparty-assuransie-eise om skadevergoeding Vorm MVA	4,00
Insolvensiewet- en maatskappywettekennisgewings: J 28, J 29, Vorms 1 tot 9	7,00
L.W.—Vorms 2 en 9—bykomstige verklarings volgens woordetal-tabel, toegevoeg tot die basiese tarief.	
Naamsverandering (twee plasings)	35,00
Onopgeëiste geld—slegs in die buitegewone *Staatskoerant*, sluitingsdatum 15 Januarie (per inskrywing van 'n "naam, adres en bedrag")	1,50
Slagterskennisgewings	8,00
Slumopruimingshofkennisgewings, per taal, per perseel	7,00
Verlore lewensversekeringspolisse Vorm VL	3,50

LIST OF FIXED TARIFF RATES

Standardised notices	*Rate per insertion*
	R
Administration of Estates Acts notices: Forms J 297, J 295, J 193 and J 187	3,50
Business notices	8,00
Butcher's notices	8,00
Change of name (two insertions)	35,00
Insolvency Act and Company Acts notices: J 28, J 29, Forms 1 to 9	7,00
N.B.—Forms 2 and 9—additional statements according to word count table, added to the basic tariff.	
Lost life insurance policies Form VL	3,50
Slum Clearance Court notices, per language per premises	7,00
Third party insurance claims for compensation Form MVA	4,00
Unclaimed moneys—only in the extraordinary *Government Gazette*, closing date 15 January (per entry of "name, address and amount")	1,50

Nie-gestandardiseerde kennisgewings	*Tarief per plasing* R
Dranklisensie-kennisgewings in buitengewone *Staatskoerant:*	
(i) Transvaal verskyn voorlaaste Vrydag in Junie. Sluitingsdatum vir indiening eerste Vrydag in Junie	11,50
(ii) Kaap, verskyn voorlaaste Vrydag in November. Sluitingsdatum vir indiening eerste Vrydag in November	11,50
(iii) OVS verskyn voorlaaste Vrydag in Januarie. Sluitingsdatum vir indiening eerste Vrydag in Januarie	11,50
(iv) Natal verskyn voorlaaste Vrydag in April. Sluitingsdatum vir indiening eerste Vrydag in April	11,50
Laat aansoeke vir plasing in gewone *Staatskoerant*	79,50
Geregtelike en ander openbare verkope:	
Geregtelike verkope	29,50
Openbare veilings, verkope en tenders:	
Tot 75 woorde	9,00
76 tot 250 woorde	24,00
251 tot 350 woorde (meer as 350 woorde bereken volgens woordetal-tabel)	37,00
Handelsmerke in Suidwes-Afrika (volgens sentimeter tarief vir departemente)	
Likwidateurs en ander aangesteldes se kennisgewings	11,50
Maatskappykennisgewings:	
